Soos onder begrippe en definisies hieronder aangedui, het die regstreekse belegging-bates van die Unie betrekking op beleggings van Unie-inwoners in buitelandse ondernemings wat vanaf die Unie „beheer” word. Hierdie seksie handel slegs oor die regstreekse belegging-bates van die private sektor, aangesien besonderhede van die indeling van onregstreekse belegging-bates volgens bedryfs-klasse wat op vreemde lande van toepassing is, nie beskikbaar is nie. Die insameling van sulke bykomstige inligting sou 'n aansienlike verlenging van die opgawe-vorms meegebring het, en dit kon moeilik

regverdig word deur die relatiewe lae peil van onregstreekse belegging-bates, wat op £88.8 miljoen gewaardeer is.

**Bates volgens bedryfsklas.** Die statistieke in Tabelle 9 tot 13 dui aan dat die Unie se regstreekse belegging-bates van £121.3 miljoen redelik gelykmatig oor die vyf bedryfsklasse verdeel is. Fabriekswese was bo-aan die lys met 'n syfer van £34.6 miljoen, of 28 persent van die totaal, terwyl belegging in die mynwyse op £26.4 miljoen gewaardeer is, in groot- en kleinhandel op £22.8 miljoen, in ander tipes van besigheid (met inbegrip van vaste eiendom) op £22.6 miljoen, en in finansiewese (met inbegrip van versekering) op £14.8 miljoen.

**Beleggingsposte.** Van die Unie se totale private regstreekse belegging-bates van £121.3 miljoen, was nie minder nie as £11.9 miljoen, of 10 persent, in die vorm van vaste eiendom belê. Aangesien laasgenoemde tipe van regstreekse belegging by voorkeur van dié in buitelandse sake-ondernemings onderskei moet word, sal die syfers van vaste eiendom by die volgende bespreking uitgesluit word.

Die netto-waarde gedeelte van Unie-inwoners in regstreekse belegging-ondernemings in die buiteland het £78.2 miljoen bedra, of 71 persent van die totaal van £109.4 miljoen wat deur die Unie in sulke ondernemings belê is. Van eersgenoemde bedrag het saldo's van takke nie minder nie as £21.4 miljoen verteenwoordig, waarvan £19.5 miljoen in die naburige staat van die Federasie van Rhodesië en Niassaland belê is. Ander tipes van langtermynbelegging in Unie-beheerde buitelandse ondernemings het £11.3 miljoen of 10 persent van die totaal bedra, terwyl korttermynbates in hierdie ondernemings 'n verdere £19.8 miljoen beloop het, wat 18 persent van die totaal verteenwoordig.

Unie-inwoners se netto-waarde gedeelte in mynwyse, groot- en kleinhandel en finansiewese was relatief hoog, nl. 76, 78 en 76 persent, onderskeidelik. Die buitengewone hoë syfer vir groot- en kleinhandel vergeleke met, byvoorbeeld, die ooreenkomstige syfer van 47 persent in die geval van die netto-waarde gedeelte van buitelanders se regstreekse belegging in hierdie sakeklas in die Unie, is veroorsaak deur die relatiewe belangrikheid van taksaldo's wat vir die grootste gedeelte van bogemelde 78 persent van regstreekse belegging-bates in groot- en kleinhandel verantwoordelik was. Aangesien 'n aansienlike gedeelte van taksaldo's wesentlik as van 'n korttermyn aard beskou kan word, is dit verstaanbaar dat die opgegewe korttermynbates in groot- en kleinhandel slegs 16 persent van die totale buitelandse bates in hierdie klas van regstreekse belegging bedra het, vergeleke met die ooreenkomstige syfer van 44 persent in die geval van buitelandse belegging in die Unie. Korttermyn buitelandse bates was relatief belangrik in fabriekswese, waar dit £9.0 miljoen of 26 persent van die totaal beloop het.

**Bates volgens land.** Van die Unie se totale private regstreekse belegging-bates van £121.3 miljoen, was nie minder nie as £94.4 miljoen, of 78 persent, in die Federasie van Rhodesië en Niassaland belê, terwyl die Verenigde Koninkryk vir £13.5 miljoen verantwoordelik was, Portugees-Oos-Afrika vir £4.4 miljoen en alle ander gebiede saam vir £9.0 miljoen.

**Bates van buitelandse beheerde Unie-organisasies.** Die regstreekse belegging-bates in die buiteland van Unie-inwoner-organisasies wat vanaf die buiteland beheer is, word in Tabel 14 weergegee. Hierdie buitelandse bates, wat kortweg buitelandse beheerde bates genoem kan word, is vir aparte tabulasie uitgesonder ten einde 'n aanduiding te kry van die mate waartoe die Unie op die bronne, ondernemingsgees, ondervinding, vernuf en inter-organisasie samewerking van buitelandse beheerde Unie-ondernemings staatmaak vir die opbou van sy buitelandse bates. Dit is dus van betekenis dat buitelandse beheerde bates, wat op £46.1 miljoen gewaardeer is, slegs 38 persent van die Unie se private regstreekse belegging-bates in die buiteland aan die end van Desember 1956 bedra het, terwyl alle ander private regstreekse belegging-bates op £75.2 miljoen gewaardeer is. Aangesien die grootste deel van buitelandse beheerde bates in die gebied van fabriekswese belê is, en tot 'n minder mate in groot- en kleinhandel, kan die algemene kenmerke van hierdie twee klasse, wat hierbo beskryf is, ook in die geval van buitelandse beheerde bates waarneem word.

#### D. INTERNASIONALE KONTRAKTE

'n Opname is as deel van die sensus gemaak van internasionale kontrakte wat gedurende 1956 deur buitelanders in die Unie uitgevoer is, sowel as van kontrakte wat deur Unie-inwoners in die buiteland uitgevoer is. Inligting is slegs t.o.v. kontrakte wat konstruksiewerk buite die tuisgebied van die kontrakteur behels, ingesamel.

Volgens opgawes ingedien was Unie-inwoners op 52 kontrakte in nabygeleë gebiede werksaam, terwyl slegs 2 kontrakte deur buitelanders in die Unie gedurende 1956 gehanteer is. Van hierdie twee kontrakte was een feitlik afgehandel, terwyl uitgawes op die ander teen die end van 1956 slegs 'n aanvang geneem het. Dit behoort egter vermeld te word dat verskeie maatskappye, wat oorspronklik deur buitelanders in die Unie geregistreer is met die doel om een of twee kontrakte uit te voer, voortdurend nuwe kontrakte ontvang het en dus as gewone buitelandse beheerde Unie-maatskappye in die sensus behandel is.

Die totale kontrakprys van buitelandse kontrakte waarop Unie-inwoners in die Federasie, Brits-Oos-Afrika, die Belgiese Kongo en Portugees-Oos-Afrika in 1956 werksaam was, het £9.7 miljoen

bedra, terwyl „werk voltooi” gedurende die jaar op £2.6 miljoen gewaardeer is. Die waarde van arbeid en materiaal van Unie-oorsprong by laasgenoemde syfer inbegrepe, het £0.9 miljoen beloop, terwyl netto-wins en hoofkantoor-onkoste wat Unie-inwoners toekom, op meer as £300,000 vir die jaar te staan gekom het.

#### E. AANTAL OPGAWES

Ten slotte kan gemeld word dat 6,345 bruikbare opgawes in die sensus ontvang is. Hiervan het 2,319 betrekking gehad op buitelandse beheerde Unie-inwoner sake-ondernemings, 3,081 het besonderhede bevat t.o.v. ander Unie-inwoners, met inbegrip van genomineerdes en diegene wat inligting van vaste eiendom besit deur buitelanders verskaf, 891 het die aktiwiteite van buitelandse ondernemings wat vanaf die Unie beheer is, gedek, terwyl 54 gegewens van internasionale kontrakte bevat het.

#### F. BEGRIPPE EN DEFINISIES

Die gegewens wat in Tabele 1 tot 14 aangegee word, is ingesamel op die basis van begrippe en definisies wat by heersende toestande in die Unie aangepas is. Die definisies wat in vreemde lande, veral die V.S.A. en Kanada, gebruik is, is ondersoek, en begrippe wat die Internasionale Monetêre Fonds aanbeveel, is sover moontlik toegepas. Die belangrikste begrippe wat in die Unie se sensus gebruik is, word hieronder omskryf.

**Die Unie** is gedefinieer om nie alleen die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika in te sluit nie, maar ook Suidwes-Afrika en die drie Hoë Kommissaris-gebiede van Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland. Gevolglik verteenwoordig die gegewens in Tabele 1 tot 14 die buitelandse laste en bates van al hierdie gebiede as 'n enkele ekonomiese eenheid.

**Regstreekse belegging** word hierbo van onregstreekse belegging onderskei. In die geval van die Unie se buitelandse laste het regstreekse belegging betrekking op alle beleggings van buitelanders (organisasies en individue) in ondernemings in die Unie waarin „beheer” (sien hieronder) vanaf die buiteland uitgeoefen word. In die geval van buitelandse bates het regstreekse belegging betrekking op alle beleggings van Unie-inwoners in ondernemings in die buiteland waarin „beheer” vanaf die Unie uitgeoefen word. Internasionale belegging in plase en ander vaste eiendom word ook by regstreekse belegging ingesluit.

**Onregstreekse belegging** verwys na alle buitelandse laste en bates wat nie deur die term regstreekse belegging gedek word nie.

**Beheer van 'n buitelanders(s) oor 'n onderneming(s) in die Unie**, word in die gevalle hieronder uiteengesit, erken:

- (1) besit van minstens 25 persent van die stemreg (of besitregte) in 'n Unie-onderneming deur een buitelanders of verskeie „geaffilieerde” buitelanders;
- (2) besit van minstens 50 persent van die stemreg in 'n Unie-onderneming deur verskeie inwoners van een vreemde land;
- (3) deelname deur enige buitelanders in 'n vennootskap in die Unie.

Verder word aangeneem dat beheer bestaan indien 'n buitelanders(s) minder as 25 persent van die stemreg in 'n Unie-onderneming besit, maar nogtans in staat is om 'n effektiewe seggenskap in die beleidsake van die onderneming uit te oefen.

Indien 'n buitelandersbeheerde maatskappy (of enige ander vorm van onderneming) in die Unie verdere maatskappye in die Unie volgens enige van bogenoemde metodes beheer, word laasgenoemde maatskappye ook geag onderhewig aan buitelandse beheer te wees.

Ten slotte kan daarop gewys word dat die bestaan van beheer van Unie-inwoners oor buitelandse ondernemings op dieselfde wyse bepaal word as in die geval van die beheer van buitelanders oor ondernemings in die Unie.

**Buitelandse laste** dui aan die verskillende kapitaal-bates in en finansiële eise teen die Unie, wat deur buitelanders besit word. Toenames in buitelandse laste word gewoonlik met kapitaalinvloei in die betalingsbalans in verband gebring, terwyl afnames met kapitaaluitvloei in verband gebring word.

**Buitelandse bates** dui aan Unie-inwoners se kapitaal-bates in en finansiële eise teen vreemde lande. Toenames in buitelandse bates word gewoonlik in die vorm van kapitaaluitvloei in die betalingsbalans weerspieël, terwyl afnames met kapitaalinvloei in verband gebring word.

**'n Inwoner** van die Unie beteken:

- (1) 'n individu wat woon, of van plan is om te woon, of wat sy hoofkwartier maak in die Unie vir 'n tydperk van 18 opeenvolgende maande of langer;
- (2) 'n organisasie wat in die Unie sake doen.

Die term organisasie word hier gebruik om 'n maatskappy, tak, nie-geïnkorporeerde onderneming, boedel, trust, owerheidsliggaam of instelling wat 'n inwoner van slegs een land is, te beskryf.

Buitelandse diplomatieke of militêre sendings of verteenwoordigers word van die strekking van die term inwoner uitgesluit.

**Offisiële sektor** het betrekking op offisiële en bankinstellings, en bestaan dus uit die Unie-

regering, die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die handelsbanke wat in die Unie geregistreer is.

## G. METODES

Die metodes wat aangewend is om die meer belangrike probleme wat by die insameling van die sensusgegevens teengekom is, te oorbrug, kan nou kortliks geskets word. Soos in die geval van die begrippe en definisies wat hierbo bespreek is, het hierdie metodes direk betrekking op die interpretasie van die gegewens in bygaande tabelle.

**Opgawes vereis.** Opgawes moes deur of namens alle organisasies en individue wat op 31 Desember 1955 of 31 Desember 1956 buitelandse laste of bates gehad het, ingedien word, en hierbenewens moes besonderhede van plase en vaste eiendom in besit van buitelanders, sowel as van die optrede van Unie-inwoners as genomineerdes vir buitelandse beleggers, opgegee word. Geen vrystellings is aan besigheidsondernemings wat vanaf die buiteland beheer word, of aan ondernemings of individue wat besigheidsorganisasies in die buiteland beheer, toegestaan nie. Andersins, egter, is vrystelling van opgawes verleen aan organisasies of individue indien elk van die twee totale van buitelandse laste en buitelandse bates minder as £5,000 op 31 Desember 1955 en 31 Desember 1956 bedra het.

**Datums waarop inligting betrekking het.** Diegene wat opgawes indien is spesiaal versoek om inligting oor bates en laste soos op 31 Desember 1955 en 31 Desember 1956 te verskaf, en skattings binne 'n redelike foutegrens van die toestand soos op hierdie twee datums is verkies bo syfers wat op ander finansiële jaar-eindes betrekking het. In die gevalle waar betroubare inligting slegs vir ander jaar-eindes beskikbaar was, is een van die volgende prosedures gevolg:

- (1) Indien die gegewens van buitelandse laste en buitelandse bates relatief belangrik was, is diegene wat opgawes indien versoek om skattings van hierdie poste op die basis van die uitstaande saldo's van die meer belangrike betrokke rekeninge in hulle boeke soos op 31 Desember 1955 en 31 Desember 1956 te voorsien.
- (2) Indien die opgegewe syfers relatief klein was, is inligting vir finansiële jaar-eindes naaste aan bogemelde datums aangeneem.

In die lig van die prosedures wat hierbo uiteengesit is, kan die gegewens wat in Tabela 1 tot 14 aangegee word, as 'n weerspieëling van die internasionale beleggingsposisie van die Unie soos op 31 Desember 1956 beskou word.

**Waardering.** Gewone aandele in regstreekse belegging-ondernemings is, in werklikheid, op die basis van netto-waarde gewaardeer, d.w.s. 'n proporsionele gedeelte van die onverdeelde winste is aan vreemde lande toegeken in ooreenstemming

met die nominale waarde (of opbetaalde waarde indien dit minder as die nominale waarde was) van die aandele wat deur inwoners van elke land besit is. Nominale waardes word egter in die bygaande tabelle apart aangegee.

Gewone aandele in onregstreekse belegging-ondernemings is soos volg gewaardeer:

- (1) in die geval van buitelandse laste, teen mark-waarde indien op 'n aandelebeurs in die Unie genoteer, andersins teen nominale waarde;
- (2) in die geval van buitelandse bates, teen mark- of nominale waarde, soos in die vorige geval, indien die betrokke nie „by buitelandse beheer betrokke” was nie, of indien die betrokke 'n individu was; andersins teen die waarde aangegee in die balansstaat van die eienaar van die buitelandse bate.

Die rede vir die verskille in die basis van waardering in die geval van buitelandse bates hierbo, is geleë in die verskillende aard van die vorms wat vir verskillende tipes van opgawe-indieners vereis is. 'n Meer eenvormige basis van waardering kon slegs verkry word indien daar met langer vorms genoeë geneem is.

Nie-stemdraende aandele wat belang het by onverdeelde winste (nie voorkeuraandele nie) is wesentlik op dieselfde wyse as gewone aandele behandel. Dit het die toekenning van 'n proporsionele gedeelte van onverdeelde winste aan buitelandse aandeelhouders in die geval van regstreekse belegging-ondernemings meegebring.

Voorkeuraandele, obligasies, leningseffekte en ander soortgelyke effekte is, oor die algemeen gesproke, teen nominale waarde ingesluit. In die geval van buitelandse bates wat deur sake-ondernemings wat by buitelandse beheer betrokke is, opgegee is, is hierdie effekte egter teen die waardes waarteen dit in hul balansstate aangegee is, ingesluit.

Plase en ander vaste eiendom is gewaardeer teen die beraamde verkoopprijs wat op 31 Desember 1956 geheers het, nadat verbande en lenings afgetrek is.

Buitelandse laste en bates in die vorm van verbande, lenings, wissels, saldo's op lopende rekening, ens., is ingesluit teen aangegewe boekwaardes, wat gewoonlik met „pari-waardes” ooreengestem het.

Die laste van versekeringsorganisasies ingevolge onverstreke polisse, is as buitelandse laste of buitelandse bates erken, na gelang van die geval, en waardering is in ooreenstemming met erkende versekeringspraktyk gemaak.

**Genomineerdes.** Die buitelandse laste van die Unie is aangesuiwer om voorsiening te maak vir die besit van bates in die Unie deur buitelanders wat hulle beleggings in die name en adresse van Unie-inwoners registreer. Soortgelyke aansuiwerings moes in sekere gevalle aan buitelandse bates gemaak word.

Departement Ekonomiese  
Navorsing en Statistiek.

TABLE I. FOREIGN LIABILITIES OF THE UNION, END 1956\* — TABEL 1. BUITELANDSE LASTE VAN DIE UNIE, END 1956\*  
(£S.A. millions) (E.S.A. miljoene)

DIRECT INVESTMENT SECTOR — REGSTREEKSE BELEGGINGSEKTOR																		
Official — Offisieel <sup>1</sup>			Private — Privaat															
Long-term Langtermyn	Short-term Korttermyn	Total Totaal	Business Enterprises — Sake-ondernemings										Real Estate Vaste eiendom		Total Totaal	Total, Direct Investment Totaal, regstreekse belegging		
			Ordinary Shares, Nominal Value <sup>2</sup> Gewone aandele, nominale waarde <sup>2</sup>	Undistributed Profits <sup>3</sup> Onverdeelde winste <sup>3</sup>	Branch Balances Saldo's van takke	Partnership Shares Vennootskapsaandele	Preference Shares Voorkeuraandele	Debentures, Loan-stock, etc. Obligasies, lenings-effekte, ens.	Mortgages and Long-term Loans Verbande en langtermynlenings	Insurance Policies, Unexpired Risks Versekeringspolsse, onverstreke risiko's	Foreign Trade Liabilities <sup>4</sup> Buitelandse handelsverpligtings <sup>4</sup>	Other Short-term Obligations Ander korttermynverpligtings	Farms Plase	Other Ander				
<b>Sterling Area</b>																		
United Kingdom	25.5	6.8	32.3	138.8	212.3	35.2	.4	9.2	9.7	32.2	...	.2	23.5	59.1	.8	2.4	523.8	556.1
Federation of R. & N.	1.3	1.8	3.1	2.1	1.8	.3	...	.2	...	.5	3.1	...	.4	1.3	.1	.1	9.9	13.0
Brit. East Africa	...	.6	.6	.5	.4	...	...	.1	...	.1	1.0	...	...	...	...	...	2.3	2.9
Mauritius & Seych.	...	.1	.1	.3	.6	...	...	...	...	...	.1	...	...	...	...	...	1.1	1.2
Australia	...	.2	.2	1.0	3.2	.7	...	...	...	.2	...	...	...	...	...	...	5.4	5.6
New Zealand	...	.1	.1	...	.1	2.2	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	2.4	2.5
India	...	...	...	.7	.8	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	1.5	1.5
Other Sterling	...	.4	.4	2.6	.8	.1	...	.1	...	.2	...	...	.4	1.6	...	...	5.8	6.2
<b>Total</b>	<b>26.8</b>	<b>10.0</b>	<b>36.8</b>	<b>146.0</b>	<b>220.0</b>	<b>38.5</b>	<b>.5</b>	<b>9.6</b>	<b>9.8</b>	<b>33.2</b>	<b>4.3</b>	<b>.2</b>	<b>24.3</b>	<b>62.3</b>	<b>.9</b>	<b>2.6</b>	<b>552.1</b>	<b>589.9</b>
<b>Dollar Area</b>																		
Canada	...	.1	.1	3.0	3.4	.5	...	...	...	.8	...	...	1.4	.6	...	...	9.7	9.8
U.S.A.	...	1.1	1.1	18.1	39.4	3.7	.1	...	15.1	21.6	...	...	22.9	4.1	...	.1	125.2	126.3
I.M.F. & I.B.R.D.	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Other Dollar	...	...	...	1.3	...	...	...	...	...	.4	...	...	...	...	...	...	1.8	1.8
<b>Total</b>	<b>...</b>	<b>1.2</b>	<b>1.2</b>	<b>22.4</b>	<b>42.7</b>	<b>4.1</b>	<b>.1</b>	<b>.1</b>	<b>15.5</b>	<b>22.4</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>24.4</b>	<b>4.9</b>	<b>...</b>	<b>.1</b>	<b>136.7</b>	<b>137.9</b>
<b>OECD Territories</b>																		
Belgium & Luxemb.	...	.5	.5	1.8	1.0	...	...	...	...	.4	...	...	.7	.2	...	...	4.1	4.6
Denmark	...	...	...	.8	.3	...	...	...	...	.3	...	...	...	.5	...	...	1.9	1.9
France	1.0	1.4	2.4	10.9	5.4	...	...	...	...	3.5	...	...	.4	1.4	...	...	21.8	24.2
Germany, West	...	.2	.2	1.6	.5	...	...	...	...	.8	...	...	1.1	.2	.1	...	4.3	4.5
Italy	...	.1	.1	.9	...	.1	...	...	...	.4	...	...	...	.3	...	...	2.0	2.1
Netherlands	2.2	.1	2.3	2.6	.9	.4	...	.7	...	.2	...	...	...	.8	.8	...	7.6	9.9
Norway	...	.1	.1	.1	.2	...	...	...	...	.1	...	...	...	...	...	...	.4	.5
Portugal	...	...	...	.1	...	...	...	...	...	...	...	...	...	.2	...	...	.4	.4
Sweden	...	...	...	.7	1.4	.1	...	.1	...	.2	...	...	2.0	.6	.1	...	5.0	5.0
Switzerland	...	.2	.2	7.2	4.2	...	...	.7	...	.1	...	...	...	.8	.1	...	16.8	17.0
Oth. OECD, Europe	.2	.2	.4	.7	...	...	...	.3	...	2.7	...	.1	.6	.8	...	...	1.1	1.5
Belgian Congo	...	1.0	1.0	.9	.6	...	...	...	...	.2	...	...	...	.1	...	...	2.1	3.1
Port. East Africa	...	1.3	1.3	.1	.1	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Angola	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Fr. Eq. Afr. & Madag.	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Oth. OECD Depend.	...	...	...	.3	.8	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
<b>Total</b>	<b>3.4</b>	<b>5.1</b>	<b>8.5</b>	<b>28.7</b>	<b>15.3</b>	<b>.7</b>	<b>.8</b>	<b>1.3</b>	<b>.2</b>	<b>9.8</b>	<b>...</b>	<b>.4</b>	<b>6.3</b>	<b>5.3</b>	<b>.2</b>	<b>.1</b>	<b>69.1</b>	<b>77.6</b>
<b>Other Areas</b>																		
Israel	...	...	...	.1	.3	.1	...	...	...	.2	...	...	...	.1	...	...	.7	.7
Other Countries	...	.2	.2	1.1	.3	...	.1	...	...	.1	...	...	...	.2	...	...	2.2	2.4
Unallocated	...	.2	.2	.6	.4	...	...	...	...	...	...	...	...	.2	...	...	1.3	1.5
<b>Total</b>	<b>...</b>	<b>.4</b>	<b>.4</b>	<b>1.8</b>	<b>1.0</b>	<b>.1</b>	<b>.1</b>	<b>.3</b>	<b>...</b>	<b>.2</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>.1</b>	<b>.5</b>	<b>...</b>	<b>.1</b>	<b>4.1</b>	<b>4.5</b>
<b>Grand Total</b>	<b>30.2</b>	<b>16.7</b>	<b>46.9</b>	<b>198.9</b>	<b>278.9</b>	<b>43.4</b>	<b>1.5</b>	<b>11.3</b>	<b>25.5</b>	<b>65.6</b>	<b>4.3</b>	<b>.6</b>	<b>55.1</b>	<b>73.0</b>	<b>1.1</b>	<b>2.9</b>	<b>762.1</b>	<b>809.0</b>

General Notes: Due to rounding of figures, totals are not necessarily equal to the sum of the constituent amounts.

— denotes a value of less than £500.

... denotes a value within the limits of £500 and £50,000.

- Including the Union Government, the S.A. Reserve Bank and the commercial banks.
- Including non-vote-bearing shares with an interest in undistributed profits, but excluding preference shares.
- Including capital and revenue reserves, and share premium.
- Foreign trade bills reflected in books of commercial banks, subtracted in proportion to reported foreign trade liabilities in direct and non-direct investment sectors, respectively.

\* Table 1 is continued on the next page.

Algemene notas: Weens afronding van syfers is totale nie noodwendig gelyk aan die som van die samestellende bedrae nie.

— dui aan 'n waarde van minder as £500.

... dui aan 'n waarde binne die grense van £500 en £50,000.

- Met insluiting van die Unieregering, die S.A. Reserwebank en die handelsbanke.
- Met insluiting van aandele sonder stemreg wat belang by onverdeelde winste het, maar uitgesonderd voorkeuraandele.
- Met insluiting van kapitaal- en inkomstereserves, en aandeelpremie.
- Buitelandse handelswissels weerspeel in boeke van handelsbanke, afgetrek in verhouding van opgegewe buitelandse handelsverpligtings van regstreekse en onregstreekse beleggingssektors, onderskeidelik.

\* Tabel 1 word op die volgende bladsy voortgesit.

TABLE 1. FOREIGN LIABILITIES OF THE UNION, END 1956 (contd.) — TABEL 1. BUTTELANDSE LASTE VAN DIE UNIE, END 1956 (vervolg)  
(E.S.A. millions) (E.S.A. miljoene)

	NON-DIRECT INVESTMENT SECTOR — ONREGSTREEKSE BELEGGINGSEKTOR															Total, All Foreign Liabilities Totaal, alle buitelandse laste	
	Official <sup>1</sup> — Offisiel <sup>1</sup>			Private — Privaat											Total, Non-Direct Investment Totaal, onregstreekse belegging		
	Long-term Langtermyn	Short-term Korttermyn	Total Totaal	Ordinary Shares <sup>2</sup> Gewone aandele <sup>2</sup>		Preference Shares Voorkeur-aandele	Debentures, Loan-stock, etc. Obligasies, leënings- effekte, ens.	Mortgages and Long- term Loans Verbode en langtermyn- leënings	Insurance Policies, Unexpired Risks Versekeringspolisse, onverstreke risiko's		Foreign Trade Liabilities <sup>4</sup> Buitelandse handels- verpligtings <sup>4</sup>	Other Short-term Obligations Ander korttermyn- verpligtings	Total Totaal				
				Nominal Value Nominale waarde	Addition for Market Values <sup>3</sup> Toevoeging vir markwaardes <sup>3</sup>				Long-term Langtermyn	Short-term Korttermyn							
<b>Sterling Area</b>																	<b>Sterlinggebied</b>
United Kingdom.....	556.1	35.3	5.1	35.8	48.4	150.2	12.7	22.1	16.7	7	4	8.2	14.4	273.7	309.5	865.6	Verenigde Koninkryk
Federation of R. & N....	13.0	5	1	6	4.1	5.5	9	4	5	—	—	5	6.1	18.1	18.7	31.7	Federasie van R. & N.
Brit. East Africa.....	2.9	4	1	5	1.6	2.6	6	1	2	—	—	5	1.1	6.7	7.2	10.1	Brits-Oos-Afrika
Mauritius & Seych.....	1.2	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	Mauritius & Seych.
Australia.....	5.6	1	—	1	1	2	—	1	—	—	—	—	—	2	2	1.4	Australië
New Zealand.....	2.5	—	—	—	1	1	—	—	1	—	—	—	1	7	8	6.4	Nieu-Seeland
India.....	1.5	—	—	—	1	1	—	—	—	—	—	—	1	5	5	3.0	Indië
Other Sterling.....	6.2	8	—	8	1.7	5.4	2	—	1	—	—	—	1	3	3	1.8	Ander Sterling
<b>Total.....</b>	<b>588.9</b>	<b>37.1</b>	<b>7</b>	<b>37.8</b>	<b>56.1</b>	<b>164.1</b>	<b>14.4</b>	<b>22.9</b>	<b>17.8</b>	<b>7</b>	<b>4</b>	<b>9.6</b>	<b>22.6</b>	<b>308.7</b>	<b>346.5</b>	<b>935.4</b>	<b>Totaal</b>
<b>Dollar Area</b>																	<b>Dollargebied</b>
Canada.....	9.8	8	—	8	2	4	—	1	1	—	—	—	2	1.0	1.8	11.6	Kanada
U.S.A.....	126.3	9.8	—	9.8	9	4.3	1	1.0	24.8	—	—	3.3	6	35.0	44.8	171.1	V.S.A.
I.M.F. & I.B.R.D.....	—	35.8	31.4	67.2	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	67.2	67.2	I.M.F. & I.B.H.O.
Other Dollar.....	1.8	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1	1.9	Ander Dollar
<b>Total.....</b>	<b>137.9</b>	<b>46.4</b>	<b>31.4</b>	<b>77.8</b>	<b>1.2</b>	<b>4.7</b>	<b>1</b>	<b>1.1</b>	<b>24.9</b>	<b>—</b>	<b>—</b>	<b>3.4</b>	<b>8</b>	<b>36.1</b>	<b>113.9</b>	<b>251.8</b>	<b>Totaal</b>
<b>OECC Territories</b>																	<b>OECC-gebiede</b>
Belgium & Luxemb. ...	4.6	—	—	—	2.8	17.3	1	—	—	—	—	1.6	4	22.2	22.2	26.8	België & Luxemb.
Denmark.....	1.9	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1.9	Denemarke
France.....	24.2	—	—	—	5.2	43.3	1	—	1	—	—	1	1.0	49.8	49.8	74.0	Frankryk
Germany, West.....	4.5	—	1	1	1	—	—	—	—	—	—	7	2	1.0	1.1	5.6	Frankryk
Italy.....	2.1	1	—	1	—	—	—	—	—	—	—	7	2	1.0	1.1	5.6	Duitsland, Wes-
Netherlands.....	9.9	4.8	—	4.8	2	5	1	—	2	—	—	1	—	4	5	2.6	Italië
Norway.....	5	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1.0	5.8	5.8	15.7	Nederland
Portugal.....	4	—	—	—	4	1	—	—	—	—	—	1	1	2	2	7	Noorwê
Sweden.....	5.0	1	—	1	1	—	—	—	—	—	—	7	—	1.2	1.2	1.6	Portugal
Switzerland.....	17.0	12.9	1	13.0	3.7	11.4	2	11.2	3	—	—	2	3	27.3	40.3	57.3	Swede
Oth. OECC, Europe ..	1.5	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	2	2	1.7	Switserland
Belgian Congo.....	3.1	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	2	2	3.3	Ander OECC, Europa
Port. East Africa.....	1.5	—	2	2	—	—	—	—	—	—	—	1	1	2	2	3.3	Belgiese Kongo
Angola.....	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	3	6	8	2.3	Port.-Oos-Afrika
Fr. Eq. Afr. & Madag.	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1	1	1	Angola
Oth. OECC Depend. ...	1.4	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1	1.5	Fr.-Ekw.-Afr. & Madag.
<b>Total.....</b>	<b>77.6</b>	<b>17.9</b>	<b>4</b>	<b>18.3</b>	<b>12.7</b>	<b>73.0</b>	<b>5</b>	<b>11.3</b>	<b>7</b>	<b>—</b>	<b>—</b>	<b>3.9</b>	<b>2.6</b>	<b>104.8</b>	<b>123.1</b>	<b>200.7</b>	<b>Totaal</b>
<b>Other Areas</b>																	<b>Ander gebiede</b>
Israel.....	7	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	2	2	9	Israel
Other Countries.....	2.4	2	1	3	6	1.4	1	1	—	—	—	1	2	2.5	2.8	5.2	Ander lande
Unallocated.....	1.5	—	—	—	2	7	—	—	—	—	—	—	—	9	9	2.4	Onverdeel
<b>Total.....</b>	<b>4.5</b>	<b>2</b>	<b>1</b>	<b>3</b>	<b>8</b>	<b>2.1</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>—</b>	<b>—</b>	<b>1</b>	<b>3</b>	<b>3.6</b>	<b>3.9</b>	<b>8.4</b>	<b>Totaal</b>
<b>Grand Total.....</b>	<b>809.0</b>	<b>101.6</b>	<b>32.6</b>	<b>134.2</b>	<b>70.8</b>	<b>243.9</b>	<b>15.2</b>	<b>35.4</b>	<b>43.4</b>	<b>7</b>	<b>5</b>	<b>17.0</b>	<b>26.4</b>	<b>453.2</b>	<b>587.4</b>	<b>1396.4</b>	<b>Groototaal</b>

5. This adjustment was effected only if a share was listed on a stock exchange in the Union.

5. Hierdie aansuiwering is gemaak slegs indien 'n aandeel op 'n effektebeurs in die Unie genoteer is.

TABLE 2. FOREIGN LIABILITIES OF THE MINING INDUSTRY, END 1956\* — TABEL 2. BUITELANDSE LASTE VAN DIE MYNWESE, END 1956\*  
(E.S.A. millions) (E.S.A. miljoene)

	Direct Investment Sector — Regstreekse beleggingsektor									Non-Direct Investment Sector — Onregstreekse beleggingsektor								Grand Total Groot-totaal	
	Ordinary Shares, Nominal Value Gewone aandele, nominale waarde	Undistributed Profits Onverdeelde winste	Branch & Partnership Balances Saldo's van takke en vennootskappe	Preference Shares Voorkeuraandele	Debentures, Loan-stock, etc. Obligasies, lenings-effekte, ens.	Mortgages and Long-term Loans Verbande en lang-termynlenings	Foreign Trade Liabilities Buitelandse handelsverpligtings	Other Short-term Obligations Ander kort-termynverpligtings	Total Totaal	Ordinary Shares Gewone aandele		Preference Shares Voorkeuraandele	Debentures, Loan-stock, etc. Obligasies, lenings-effekte, ens.	Mortgages and Long-term Loans Verbande en lang-termynlenings	Foreign Trade Liabilities Buitelandse handelsverpligtings	Other Short-term Obligations Ander kort-termynverpligtings	Total Totaal		
										Nominal Value Nominale waarde	Addition for Market Values Toevoeging vir markwaardes								
<b>Sterling Area</b>																		<b>Sterlinggebied</b>	
United Kingdom .....	44.5	100.0	-3	-2	2.1	10.2	...	6.7	164.0	20.9	88.2	1.3	1.2	9.1	...	1.2	121.9	285.9	Vereenigde Koninkryk
Federation of R. & N. ...	1.0	-9	...	...	...	...	...	-1	2.0	1.0	3.2	...	-2	...	...	-1	4.5	6.4	Federasie van R. & N.
British East Africa .....	-2	-2	...	...	...	...	...	...	.5	-3	1.3	...	...	...	...	...	1.7	2.1	Brits-Oos-Afrika
Australia .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	-1	...	...	...	...	...	-1	-2	Australië
Other Sterling .....	-8	1.0	...	...	...	...	...	...	2.0	-7	3.9	...	...	...	...	...	4.6	6.6	Ander Sterling
<b>Total .....</b>	<b>46.5</b>	<b>102.1</b>	<b>-3</b>	<b>-2</b>	<b>2.1</b>	<b>10.3</b>	<b>...</b>	<b>6.8</b>	<b>168.4</b>	<b>22.9</b>	<b>96.7</b>	<b>1.3</b>	<b>1.4</b>	<b>9.1</b>	<b>...</b>	<b>1.3</b>	<b>132.7</b>	<b>301.2</b>	<b>Totaal</b>
<b>Dollar Area</b>																		<b>Dollargebied</b>	
Canada .....	-1	-1	...	...	...	-1	...	-1	-4	-1	-2	...	...	...	...	...	-3	-7	Kanada
U.S.A. ....	5.3	15.3	...	...	13.8	19.3	...	-3	54.0	.5	3.3	...	...	18.1	...	...	22.0	76.0	V.S.A.
Other Dollar .....	...	...	...	...	...	...	...	...	-1	...	...	...	...	...	...	...	...	-1	Ander Dollar
<b>Total .....</b>	<b>5.4</b>	<b>15.5</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>13.8</b>	<b>19.4</b>	<b>...</b>	<b>-4</b>	<b>54.5</b>	<b>.5</b>	<b>3.6</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>18.1</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>22.3</b>	<b>76.8</b>	<b>Totaal</b>
<b>OEEC Territories</b>																		<b>OEEC-gebiede</b>	
Belgium & Luxemb. ...	-6	-5	...	...	...	...	...	-1	1.2	1.4	13.2	...	...	...	...	-1	14.7	15.8	België & Luxemb.
France .....	6.6	4.7	...	...	...	...	...	-8	12.2	3.2	27.9	...	...	...	...	-3	31.4	43.6	Frankryk
Germany, West .....	-2	-1	...	...	...	-1	...	-1	-2	...	...	...	...	...	...	...	...	-3	Duitsland, Wes-
Netherlands .....	-2	-2	...	...	...	...	...	...	-3	-1	-3	...	...	...	...	...	-3	-6	Nederland
Sweden .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	Swede
Switzerland .....	2.0	1.6	...	...	...	-3	...	-3	4.3	1.3	6.9	...	...	...	...	...	8.3	12.5	Switserland
Oth. OEEC, Europe ..	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	-1	...	...	...	...	...	-2	-2	Ander OEEC, Europa
OEEC, Africa .....	-1	-1	...	...	...	...	...	...	-2	...	-1	...	...	...	...	...	-2	-4	OEEC, Afrika
Oth. OEEC Depend. ...	...	...	...	...	...	...	...	...	-1	...	...	...	...	...	...	...	-1	-1	Ander OEEC afh. geb.
<b>Total .....</b>	<b>9.8</b>	<b>7.1</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>-1</b>	<b>-3</b>	<b>...</b>	<b>1.2</b>	<b>18.5</b>	<b>6.1</b>	<b>48.6</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>-4</b>	<b>55.1</b>	<b>73.6</b>	<b>Totaal</b>
<b>Other Areas</b>																		<b>Ander gebiede</b>	
<b>Total .....</b>	<b>.5</b>	<b>.5</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>-1</b>	<b>1.1</b>	<b>.1</b>	<b>.7</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>.9</b>	<b>1.9</b>	<b>Totaal</b>
<b>Grand Total, All Mining</b>	<b>62.1</b>	<b>125.1</b>	<b>-3</b>	<b>-2</b>	<b>16.0</b>	<b>30.0</b>	<b>...</b>	<b>8.6</b>	<b>242.5</b>	<b>29.6</b>	<b>149.6</b>	<b>1.3</b>	<b>1.5</b>	<b>27.3</b>	<b>-1</b>	<b>1.7</b>	<b>211.0</b>	<b>453.6</b>	<b>Groot-totaal, alle mynbou</b>
<b>Grand Total, Gold Mining only</b>	<b>51.9</b>	<b>91.2</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>14.1</b>	<b>28.7</b>	<b>...</b>	<b>3.7</b>	<b>189.5</b>	<b>19.8</b>	<b>68.6</b>	<b>-1</b>	<b>1.4</b>	<b>27.2</b>	<b>...</b>	<b>1.3</b>	<b>118.4</b>	<b>307.9</b>	<b>Groot-totaal, slegs goudmynbou</b>

\* See Notes to Table 1.

\* Sien notas by Tabel 1.



TABLE 3. FOREIGN LIABILITIES OF MANUFACTURING INDUSTRY, END 1956\* — TABEL 3. BUITELANDSE LASTE VAN FABRIEKSEWESE, END 1956\*  
(E.S.A. millions) (E.S.A. miljoene)

	Direct Investment Sector — Regstreekse beleggingssektor									Non-Direct Investment Sector — Onregstreekse beleggingssektor									Grand Total Groot-totaal
	Ordinary Shares, Nominal Value Gewone aandele, nominale waarde	Undistributed Profits Onverdeelde winste	Branch & Partnership Balances Saldo's van takke en vennootskappe	Preference Shares Voorkeuraandele	Debentures, Loan-stock, etc. Obligasies, lenings-effekte, ens.	Mortgages and Long-term Loans Verbande en langtermynlenings	Foreign Trade Liabilities Buitelandse handelsverpigtings	Other Short-term Obligations Ander korttermynverpigtings	Total Totaal	Ordinary Shares Gewone aandele		Preference Shares Voorkeuraandele	Debentures, Loan-stock, etc. Obligasies, lenings-effekte, ens.	Mortgages and Long-term Loans Verbande en langtermynlenings	Foreign Trade Liabilities Buitelandse handelsverpigtings	Other Short-term Obligations Ander korttermynverpigtings	Total Totaal		
										Nominal Value Nominale waarde	Addition for Market Values Toevoeging vir markwaardes								
<b>Sterling Area</b>																	<b>Sterlinggebied</b>		
United Kingdom .....	59.2	66.3	4.3	7.4	6.8	8.3	10.7	23.5	186.6	8.5	8.5	2.1	1.2	1.4	3.2	1.5	26.4	Verenigde Koninkryk	
Federation of R. & N. ....	.7	.4	—	.1	...	.1	.2	.4	1.7	1.0	.8	.3	...	...	...	.1	2.2	Federasie van R. & N.	
British East Africa .....	.2	.1	—	...	...	—	...	.1	.4	.4	.4	.2	...	...	...	...	1.0	Brits-Oos-Afrika	
Australia .....	.9	3.0	—	—	—	—	—	...	4.0	...	...	...	...	...	...	...	.1	Australië	
Other Sterling .....	.2	.1	—	.1	—	—	...	...	.7	.3	.2	.1	...	...	.2	...	.9	Ander Sterling	
<b>Total .....</b>	<b>61.1</b>	<b>69.9</b>	<b>4.3</b>	<b>7.6</b>	<b>6.8</b>	<b>8.4</b>	<b>11.1</b>	<b>24.1</b>	<b>193.4</b>	<b>10.2</b>	<b>10.0</b>	<b>2.6</b>	<b>1.2</b>	<b>1.4</b>	<b>3.5</b>	<b>1.6</b>	<b>30.6</b>	<b>Totaal</b>	
<b>Dollar Area</b>																		<b>Dollargebied</b>	
Canada .....	1.5	3.0	—	...	...	.3	1.2	...	6.0	.1	...	...	.1	—	...	...	.2	Kanada	
U.S.A. ....	7.6	14.6	1.5	...	.2	1.1	9.3	1.8	36.2	.3	...	...	1.0	—	1.4	...	2.8	V.S.A.	
Other Dollar .....	1.0	.2	—	—	.2	.1	...	—	1.5	...	...	...	—	—	—	—	.1	Ander Dollar	
<b>Total .....</b>	<b>10.2</b>	<b>17.8</b>	<b>1.5</b>	<b>.1</b>	<b>.4</b>	<b>1.4</b>	<b>10.5</b>	<b>1.8</b>	<b>43.7</b>	<b>.4</b>	<b>.1</b>	<b>...</b>	<b>1.1</b>	<b>—</b>	<b>1.4</b>	<b>...</b>	<b>3.0</b>	<b>Totaal</b>	
<b>OEEC Territories</b>																		<b>OEEC-gebiede</b>	
Belgium & Luxemb. ...	.8	.2	—	...	...	...	.3	.1	1.4	.1	...	—	—	...	...	...	.2	België & Luxemb.	
France .....	1.3	.3	—	.1	...	.1	.1	.1	1.4	...	...	...	—	—	...	...	.1	Frankryk	
Germany, West .....	1.3	.7	—	—	...	.1	.7	.1	2.8	...	...	...	...	...	.4	...	.4	Duitsland, Wes-	
Netherlands .....	1.8	1.0	—	.7	...	...	.9	.7	5.6	.1	.1	...	—	—	...	...	.2	Nederland	
Sweden .....	.4	1.0	—	.1	—	.1	1.7	.5	3.8	.1	...	—	—	...	.1	...	.2	Swede	
Switzerland .....	4.6	1.8	—	.1	...	1.3	.5	.2	8.4	1.5	.2	...	.1	.1	...	...	2.0	Switserland	
Oth. OEEC, Europe ..	1.1	.1	—	...	...	.2	.4	.1	1.9	.1	.1	...	...	...	.1	...	.2	Ander OEEC, Europa	
OEEC, Africa .....	.8	.5	—	—	—	—	...	.1	1.4	...	...	...	—	—	...	...	...	1.4	OEEC, Afrika
Oth. OEEC Depend. ...	.2	.1	—	.2	—	...	—	...	.6	...	...	...	—	—	—	—	...	.7	Ander OEEC afh. geb.
<b>Total .....</b>	<b>12.3</b>	<b>5.1</b>	<b>—</b>	<b>1.1</b>	<b>.1</b>	<b>2.6</b>	<b>4.4</b>	<b>1.7</b>	<b>27.3</b>	<b>1.9</b>	<b>.5</b>	<b>.1</b>	<b>.1</b>	<b>.1</b>	<b>.7</b>	<b>...</b>	<b>3.4</b>	<b>Totaal</b>	
<b>Other Areas</b>																		<b>Ander gebiede</b>	
<b>Total .....</b>	<b>.6</b>	<b>.3</b>	<b>.1</b>	<b>.1</b>	<b>...</b>	<b>.1</b>	<b>...</b>	<b>.1</b>	<b>1.3</b>	<b>.2</b>	<b>.2</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>—</b>	<b>...</b>	<b>...</b>	<b>.5</b>	<b>Totaal</b>	
<b>Grand Total .....</b>	<b>84.2</b>	<b>93.1</b>	<b>5.9</b>	<b>8.9</b>	<b>7.3</b>	<b>12.6</b>	<b>26.1</b>	<b>27.7</b>	<b>265.7</b>	<b>12.7</b>	<b>10.8</b>	<b>2.8</b>	<b>2.3</b>	<b>1.6</b>	<b>5.7</b>	<b>1.7</b>	<b>37.5</b>	<b>Groot-totaal</b>	

\* See Notes to Table 1.

\* Sien notas by Tabel 1.

TABLE 4. FOREIGN LIABILITIES OF WHOLESALE AND RETAIL TRADE, END 1956\* — TABEL 4. BUITELANDSE LASTE VAN DIE GROOT- EN KLEINHANDEL, END 1956\*  
(£S.A. millions) (£S.A. miljoene)

	Direct Investment Sector — Regstreekse beleggingssektor									Non-Direct Investment Sector — Onregstreekse beleggingssektor								Grand Total Groot-totaal
	Ordinary Shares, Nominal Value Gewone aandele, nominale waarde	Undistributed Profits Onverdeelde winste	Branch & Partnership Balances Saldo's van takke en vennootskappe	Preference Shares Voorkeur-aandele	Debentures, Loan-stock, etc. Obligasies, lenings-effekte, ens.	Mortgages and Long-term Loans Verbonde en langtermynlenings	Foreign Trade Liabilities Buitelandse handelsverpligtings	Other Short-term Obligations Ander korttermynverpligtings	Total Totaal	Ordinary Shares Gewone aandele		Preference Shares Voorkeur-aandele	Debentures, Loan-stock, etc. Obligasies, lenings-effekte, ens.	Mortgages and Long-term Loans Verbonde en langtermynlenings	Foreign Trade Liabilities Buitelandse handelsverpligtings	Other Short-term Obligations Ander korttermynverpligtings	Total Totaal	
										Nominal Value Nominale waarde	Addition for Market Values Toevoeging vir markwaardes							
<b>Sterling Area</b>	13.9	15.3	5.0	1.1	...	5.1	12.0	22.5	74.9	4.4	4.7	3.5	.1	.7	4.8	1.6	19.7	94.6
United Kingdom.....	.1	.3	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Federation of R. & N... British East Africa .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Australia .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Other Sterling .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
<b>Total .....</b>	<b>14.2</b>	<b>15.7</b>	<b>5.0</b>	<b>1.2</b>	...	<b>5.4</b>	<b>12.4</b>	<b>22.7</b>	<b>76.6</b>	<b>5.0</b>	<b>5.5</b>	<b>3.8</b>	<b>.1</b>	<b>.7</b>	<b>5.6</b>	<b>1.8</b>	<b>22.5</b>	<b>99.1</b>
<b>Dollar Area</b>	1.2	.7	...	...	...	...	.3	.4	2.6	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Canada .....	4.2	7.8	1.9	...	...	...	13.3	1.2	28.7	...	...	...	...	...	...	...	...	...
U.S.A. ....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Other Dollar .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
<b>Total .....</b>	<b>5.4</b>	<b>8.4</b>	<b>1.9</b>	...	...	<b>.2</b>	<b>13.6</b>	<b>1.7</b>	<b>31.3</b>	<b>.1</b>	<b>.1</b>	...	...	...	<b>1.8</b>	...	<b>2.0</b>	<b>33.3</b>
<b>OEEC Territories</b>	.3	-.1	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Belgium & Luxemb. ...	1.4	-.2	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
France .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Germany, West .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Netherlands .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Sweden .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Switzerland .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Oth. OEEC, Europe ..	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
OEEC, Africa .....	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Oth. OEEC Depend. ...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
<b>Total .....</b>	<b>2.9</b>	<b>1.8</b>	...	...	...	<b>3.5</b>	<b>1.7</b>	<b>.8</b>	<b>10.7</b>	<b>1.4</b>	<b>-.2</b>	<b>.1</b>	...	<b>.2</b>	<b>3.0</b>	<b>.1</b>	<b>5.0</b>	<b>15.7</b>
<b>Other Areas</b>	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...	...
